Forum vorder oor wye front

Die nasionale dieregesondheidsforum speel saam met die nege provinsiale forums 'n uiters belangrike rol om die allesomvattende gesondheidstrategie in die bedryf te bevorder.

DIE forum het in die 12 maande tot Junie vanjaar oor 'n wye front erkenning ontvang danksy sy lede se verteenwoordiging, die teenwoordigheid van kundiges, asook sy opbouende benadering, het Gerhard Schutte in sy voorsittersverslag op die jaarvergadering van die forum gesê.

Volgens hom is die afgelope jaar goed gevorder om die provinsiale dieregesondheidsforums sterker te maak.

Bek-en-klouseer

Volgens Schutte sal die afgelope jaar onthou word vir die ernstige uitbrekings van bek-en-klouseer wat vanaf Junie verlede jaar by groot voerkrale voorgekom het. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat dit gebeur het.

In die laaste helfte van die verslagperiode het dit egter begin lyk asof die uitbrekings gestabiliseer het in die meeste provinsies buiten KwaZulu-Natal. "Kwarantynmaatreëls is opgehef by sekere plekke waar daar uitbrekings was."

Afrika-varkpes

In die oorsigtyd was daar 'n ongekende 240 uitbrekings van Afrika-varkpes in sewe provinsies. As dit met die 191 uitbrekings in ses provinsies in 2021 vergelyk word, is dit kommerwekkend. Internasionaal is Afrika-varkpes baie hoog op die sakelys van die internasionale organisasie vir dieregesondheid.

Voëlgriep

Daar was ook 'n hoër voorkoms van voëlgriep in 2022, met twee uitbrekings in Gauteng en drie in die Wes-Kaap. Dit is 'n siekte wat ook internasionaal baie kommer wek.

Entstowwe

Volgens Schutte is die entstofkrisis in die verslagperiode op die spits gedryf. "Dit is tragies dat die byna pandemiese uitbrekings van bloutong en perdesiekte wat voorgekom het, in 'n mate toegeskryf kan word aan 'n tekort aan entstowwe. Dit het die forum ook gedwing om 'n ope brief in dié verband aan die minister te rig," het hy gesê.

Die forum meen die risiko's ten opsigte van entstowwe moet verdiskonteer word en steun die beginsel van meer as een voorsiener van 'n entstof.

Verskeie verdere middels is tydens die verslagperiode ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947) geregistreer, waarvan die bloutong-entstof die belangrikste was. "Die Afrika-perdesiekte-entstof is steeds 'n groot probleem. Dit is duidelik dat 'n registrasie in die vrye mark nie in die nabye toekoms afgehandel sal word nie. Daar was egter baie goeie vordering met 'n openbare-private vennootskap."

Die forum streef daarna dat die Afrika-perdesiekte-entstof voor die volgende seisoen beskikbaar sal wees.

"Daar was ook goeie nuus van Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP), wat nou weer voldoende hoeveelhede van die entstof beskikbaar het."

Volgens Schutte is dit is noodsaaklik dat OBP 'n deurlopende interaktiewe risiko-projeksie sal uitvoer om die behoeftes aan entstowwe voortdurend te bepaal.

Hy meen dat proaktiewe alternatiewe maatreëls gereed sal wees om entstof-beskikbaarheid (ook vanaf alternatiewe bronne van voorsiening) te verseker.

Dit is noodsaaklik dat sodanige projeksies met die veebedryf uitgeruil sal word sodat boere dienooreenkomstig die nodige risikobeplannings sal kan doen.

Goeie vordering is ook by die Landbounavorsingsraad gemaak ten opsigte van die plaaslike beskikbaarheid van 'n entstof vir bek-en-klouseer vir Suid-Afrika.

Die forum het dit telkemale duidelik gemaak dat dit van kritieke belang is dat Suid-Afrika in die toekoms weer 'n eie entstof in voldoende hoeveelhede sal produseer.

Biosekerheid

Die forum het tydens die verslagperiode Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, verskeie kere versoek om die verslag van die tegniese taakspan oor biosekerheid beskikbaar te stel. Dit is nou gedoen. Die forum ondersteun die bevindings en aanbevelings van die taakspan ten volle. Volgens Schutte het die tyd egter aangebreek om nou op die aanbevelings en voorgestelde oplossings van die taakspan klem te lê.

"Dit is belangrik dat die verslag nie op die rak sal stof vergaar nie. Die forum en die provinsiale forums moet hard werk om toe te sien dat die oplossings in die verslag toegepas word. Ons wil versoek dat Didiza, soos in haar begrotingsrede aangekondig is, aksieplanne sal aankondig na aanleiding van hierdie verslag," het Schutte gesê.

Hy het voorrangsake vir die volgende 12 maande geïdentifiseer:

- Toepassing van die voorstelle van die ministeriële tegniese taakspan.
- Versterking van die provinsiale dieregesondheidsforums.
- Dat die forum tasbare voorstelle kan indien oor die tegniese taakspan se verslag vir bek-en-klouseer.
- Dat die entstof-registrasies bespoedig word.
- Dat alle moontlike pogings aangewend word om 'n openbare-private vennootskap tussen die bedryf en OBP in te stel om toe te sien dat voldoende entstof vir Afrika-perdesiekte beskikbaar is.
- Die forum sal steeds by Lits SA betrokke wees en sal groter vordering wil sien. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**